STIGTING VIR BEMAGTIGING DEUR AFRIKAANS (SBA)
Privaatheidsbeleid

1. Inleiding

Vir die SBA is die beskerming van persoonlike inligting belangrik. Die SBA neem kennis van die vereistes in die Protection of Personal Information Act (POPIA), 3 of 2014, en het hierdie privaatheidsbeleid in ooreenstemming daarmee opgestel. Hierdie beleid beskryf hoe die SBA persoonlike inligting in ons besit prosesseer.

Ons sal nie jou persoonlike inligting gebruik vir enige ander doel as waarvoor toestemming gegee is of magtiging verleen is nie, en ons sal al die redelike praktiese stappe neem om die akkuraatheid, integriteit en vertroulikheid van persoonlike inligting in ons besit te beskerm teen enige verlies of skade en om ongemagtigde toegang daartoe te verhoed.

2. Watter persoonlike inligting prosesseer ons?

Ons versamel en prosesseer die persoonlike inligting van die volgende kategorieë persone:

- Werknemers;
- Lede van die direksie en die trustees;
- Deelnemers aan projekte van die SBA;
- Projekfasiliteerders;
- Gaste by funksies van die SBA;
- Kontrakteurs of diensverskaffers;
- Besoekers aan die webblad en sosiale media van die SBA;
- Borge en donateurs.

3. Hoe samel ons jou persoonlike inligting in?

Die SBA versamel data wanneer jy:

- Registreer vir ‘n projek, hetsy dit in papier of digitale formaat is.
- Ons kontak via epos of ons webblad.
- As jy ons webblad of ons sosiale media profiele besoek.
- ‘n kontrak met die SBA sluit vir die verskaffing van ‚n diens of betaling van ‚n borgskap.

4. Hoe gebruik ons jou persoonlike inligting?

Die SBA versamel en prosesseer jou persoonlike inligting vir die volgende doeleindes:

- Om jou deelname aan of ondersteuning van projekte van die SBA op 'n professionele wyse te bestuur.
- Effektiewe administrasie van werknemer inligting.
- Die nakoming van enige regs- of wetsvereistes wat op ons van toepassing is.
- Benutting van statistiek uit jou besoeke aan ons webblad of sosiale media profiele ten einde ons digitale kommunikasie met jou te verbeter.

Die SBA prosesseer jou persoonlike inligting in die konteks van ons interne administrasie en die bestuur van ons projekte, en sal nie jou persoonlike inligting met derdepartye deel nie, tensy ons jou toestemming het of regtens verplig is om dit te doen.

5. Sekuriteit van inligting

Die SBA is wetlik verplig deur POPIA om redelike en paslike maatreëls te tref om jou persoonlike inligting te beskerm. Ons onderneem om voortdurend ons sekuriteitsmaatreëls te hersien ten einde te verseker dat jou persoonlike inligting beskerm word.

6. Jou regte as 'n data onderwerp

Elke data onderwerp het sekere regte ingevolge POPIA wat onder andere die volgende insluit:

- **Reg om ingelig te word**
  Reg om ingelig te word dat persoonlike inligting ingesamel word of verkry is en wat die doel daarvan is.
- **Reg van toegang**
  Reg op toegang tot jou persoonlike inligting.
- **Reg op korrigering/verbetering**
  Reg om die korrigering, opdatering of vernieting van persoonlike inligting te vra.

As jy 'n versoek rakende een van hierdie regte tot ons rig, onderneem ons om so spoedig moontlik daarop te reageer.

7. Internet analise

7.1 Die SBA gebruik ons webblad en sosiale media om inligting oor ons aktiwiteite te deel. Daardie sosiale media platforms samel ook persoonlike

inligting van gebruikers daarvan in. Let daarop dat Twitter, Facebook en Instagram hul eie privaatheidsbeleide het wat onafhanklik van die privaatheidsbeleid van die SBA is.

7.2 Die SBA gebruik Google Analytics om die aantal besoeke, tyd op die webblad spandeer en bladsye gekyk te analiseer. Geen persoonlike inligting word egter ingesamel nie.

8. **Hoe om ons te kontak**

Indien jy die SBA wil kontak rakende hierdie privaatheidsbeleid of die uitoefening van enige van jou regte ten opsigte van persoonlike inligting, kontak ons asb op een van die volgende maniere:–

epos: admin@sbafrikaans.co.za
tel.nr.: 063 758 6648